Gestuur om te werk vir sy Naam!

Genesis 1 en 11 en Openbaring 21

Voorlesing Genesis 11

Inleiding

- Gewoonlik as mense hoor dat God sy kinders in die wêreld in stuur,
    - Dink mense net aan evangelisasie.
        - Dat gelowiges ander mense moet oortuig om ook in Jesus te glo
        - Dalk het jy al bietjie skuldig en swak gevoel omdat jy nog nooit gebruik is om iemand tot geloof te begelei nie.
    - Vir baie Christene en kerke is dit ook al waaroor Christenskap vir hulle gaan
    - Maar... dit is eenvoudig nie waar nie.

- Om die goeie nuus van Jesus se dood en opstanding vir sondaars te versprei
    - is beslis 'n sleutel deel van ons werk wat God wonderlik maak in mense se oë
        - Maar wat dan van die duisende ure waarmee ons met doodgewone dinge elke dag besig is?
        - Huisopruim, skottelgoed, werk, leer, fietsry, musiek, swem, speel...
    - Is dit nuttelose ure?
        - Betekenisloos vir God?

- Ons gaan gesels oor

- God se oorspronklike taak vir mense
- Waarmee mense eerder besig geraak het
- En waar alles uiteindelik gaan eindig.

God se oorspronklike taak vir mense: Genesis 1

- God het die hele skepping klaargemaak en aan die mens gegee om verder daarmee iets te maak:

27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: **Wees vrugbaar** en **vermeerder** en **vul** die aarde, **onderwerp dit** en **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

- Wat presies het God bedoel moet die mense verder maak met die goeters wat God klaar gemaak het?
  - God wil hê die mens moes baie word sodat hulle orals op die aarde kon gaan waar sy goeters is
  - en soos hulle daar kom, moet hulle daardie goeters onderwerp en daaroor heers.

  - Die woord vir 'onderwerp' beteken letterlik om dit onder jou beheer te kry, te bemeester.

    - Soos wat jy die eerste keer 'n fiets gekry het.
    - Dit was joune, maar jy moes dit takel en uitvind hoe om dit te gebruik.
    - Dit onder beheer te kry en te bemeester.

        - Dis hoe God sy skepping voor mense neergesit het.

    - Die woord vir 'heers' beteken weer dat mense dan besluite daaroor moet maak.
        - Jy kan besluit hoe en waar jy met die fiets wou ry.
        - God het vir mense gesag oor die skepping gegee.

- Mense was bedoel om verder kreatief besig te wees met die boublokke van God se skepping
        - en dít as verteenwoordigers van God.
    - God se wonderlikheid moes gesien word in
        - Die manier waarop sy mense wat Hy gemaak het
        - Gewerk het met sy goeters wat Hy gemaak het.
    - Amper soos wat gebeur
        - as jy sien hoe 'n babatjie vir die eerste keer met water speel, of 'n gogga ontdek.
        - 'n wonderlike ontdekking van 'n wonderlike wêreld wat jou laat dink aan die wonderlike God daarvan.

- Hierdie kreatiewe besigwees met God se skepping om met wonderlike dinge daaruit vorendag te kom
    - Sien ons vandag:
    - Tuinmaak, kultuur, kuns, musiek, wetenskap, sport, werk, stokperdjies ens.

- Dit was God se oorspronklike taak vir mense:

- om sy Naam groot te maak
- soos wat hulle met sy skepping besig is

Waarmee mense eerder besig geraak het – Genesis 11

- Maar nog voor dit werklik kon begin
  - ry die duiwel hierdie God-grootmakende interaksie van die mens met die skepping in die wiele,
  - juis om die mooiheid van God te besmeer.

- Hy fluister in Eva se oor dat, as sy die verbode vrug eet,
  - sy in haarself ook mooi en belangrik sal wees... soos God deurdat sy alles sal kan ken.
  - Ons mense het daar begin dink oor
    - ons eie naam, eer en prag,
    - los van God se naam, eer en prag.

- Hierdie verraad het die mooi verhouding tussen God en al sy skepsels gebreek...
  - mense wat vir hulle eie name lewe kan nie meer by Hom lewe nie...

- Uiteindelik kom ons by die Toring van Babel in Genesis 11.
  - Hier sien ons hoe mense presies die teenoorgestelde doen as waarvoor God ons gemaak het.
  - Mense wil op een plek bly en die natuur onderwerp en beheer vir hulle eie naam
  - Eerder as om die wêreld in te gaan en besig te wees met die natuur vir God se naam

        - ‘n Houding wat vandag nog aangaan.

- Baie slim maak mense ’n plan
    - om die elemente van grond, water, vuur, en as, saam te voeg vir die maak van boustene en basiese sement.
    - Kreatiewe interaksie met die bou-elemente van die natuur!
        - Tegnologie en argitektuur.
        - Pragtig slim...
    - Maar waarvoor? vers 4
        - *“Kom ons bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons ’n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”*

- Nie orals vir God se naam nie. Dáár... en vir hulle eie naam.
    - Besig om iets te probeer doen aan die feit wat hulle diep in hulleself weet:
        - Dat hulle eintlik, sonder God, niks is nie.
        - dat hulle nie eintlik ’n naam het nie.
    - Dit is hoekom God dan intree,
        - want hulle probeer iets wees... steeds sonder Hom.

- Nou... die toring in Babel was maar net die begin
    - want onthou waar en hoe duik die naam Babel op in die res van die Bybel.

- Dit is die einste Babel, wat deur die res van die Bybelse geskiedenis oor en oor die groot vyand is van Israel, God se mense.
- Met Israel het God Homself weer aan mense verbind deur die verbond
  - Mense wat Hom weer sou eer
  - Hy gee vir hulle die stad Jerusalem
- Maar Jerusalem word oor en oor bedreig deur Babel.

- Dit is die rede hoekom van die Bybelse profete na baie van Israel se vyande, en selfs die Antichris, verwys as Babel.

- Want sien,
  - orals waar ek en jy ons kreatiewe krag gebruik en die natuur kaap om vir onsself 'n naam te maak... daar is die wanorde van die sondeval en Babel.
  - Orals waar ons dit doen vir God se Naam, daar is die orde en vrede van Jerusalem.

- Sien, Babel en Jerusalem is nie net stede in die Bybel nie...
  - Dit verteenwoordig twee groepe mense
    - Wat vir God in sy skepping leef
    - Of wat vir hulleself in sy skepping leef

  - En dit is hier in Vanderbijl...
    - In Vanderbijl gebruik onderwysers, ingenieurs, politici, predikante, loodgieters en dokters hulle

kreatiewe krag om die natuur te kaap om vir hulle naam te maak.
    - Jy het dit ook al gedoen.
        - Mense wat kuns, kultuur, wetenskap en sport gebruik om iets te doen aan die diep wete dat hulle geen naam het nie.
        - Hulle soek hulleself in daardie dinge... maar nie in God nie
    - Én in Vanderbijl is daar ook wel onderwysers, ingenieurs, politici, predikante, loodgieters en dokters wat dit doen vir God se naam,
        - mense wat kuns, kultuur, wetenskap en sport gebruik om God se Naam te laat skitter.
        - Hulle soek God in daardie dinge, nie hulleself nie.

- Babel en Jerusalem
    - Twee permanente vyande
    - Dit voel soms asof Babel sterker is as Jerusalem.
    - Dit lyk beslis so as ons rondom ons kyk in Suid-Afrika
- Wie gaan wen?!

Waar dit alles gaan eindig

- Wel, God het dit al klaar geantwoord: Jerusalem gaan wen!

- Toe Christene so 30 jaar na Jesus se hemelvaart swaar gekry het
    - en deur die Romeinse keiser doodgemaak is op strepe
        - wys God vir hulle sy hemelse Jerusalem.

- Lees teks hier Open 21:1,2,9-11...

- Terwyl dit gevoel het asof Babel wen wys God vir hulle...
    - ‘n foutlose Jerusalem uit die hemel.
    - ’n Stad wat duidelik geen gelyke op aarde het nie
        - en nie eens meer deure nie... want Babel is weg.
        - Babel *sal* weg wees, is die boodskap.

- En, wat sien jy as jy mooi kyk na hierdie Jerusalem?
    - Kundige menslike vakmanskap,
    - die ontginning en verwerking van edelmetale wat oral skitter,
    - die argitektoniese perfeksie, kunstig versier.
    - Sien, hierdie visioen is soos ‘n prentjie van inspirasie oor hoe alles eindig.
        - Want eendag gaan Jerusalem wen!

- God begin in Genesis met sy mense in ‘n tuin,
    - en eindig in Openbaring met ‘n skitter stad.
- Dít is wat God kies om te wys vir Christene wat swaarkry onder Babel.
    - Dit is wat Hy wys vir Vanderbijl , vir my en vir jou.
    - ’n Toekoms, ’n hoop as inspirasie... Jerusalem wen!

- God se Naam wen!
- Laat ons aanhou om vir sy Naam besig te wees met sy skepping!

- Maar hoe wen Jerusalem uiteindelik?
  - Hoe hou mense op om vir hulle eie naam te lewe?

- Jy hou op as jy ontdek jou naam is nie veel om voor te lewe nie
  - Die kaap van God se skepping en jou gejaag na jou eie naam het jou en ander net gebreek
    - Dalk het jy dit al in jou eie lewe sien gebeur
    - Of in mense om jou se lewens?
  - Maar nogtans het God sy Seun Jesus gestuur om vir hierdie verraad te betaal
    - Met sy dood aan die kruis
  - Daar ontdek ek 'n beter Naam om myself voor te gee, eerder as my eie naam.

- En omdat jy dan nie meer jou omgewing hoef te misbruik om jou eie naam groot te maak nie,
  - kan jy weer besig met die natuur wees op 'n nuwe manier wat God weer verheerlik...
  - soos dit sy plan van die begin af was.

- Vanderbijl, Vereeniging, Meyerton, Sasol, Johannesburg, Pretoria, Londen, New York.
  - In elkeen van hierdie plekke is die twee stede: Babel en Jerusalem.

- In elkeen van hulle is God se gestuurde dissipels wat Hom weer in en deur die skepping kan verheerlik.
  - In sommer gewone dinge van die lewe

- Hierdie hele boodskap probeer jou nie oortuig om met ander dinge besig te raak as dit waarmee jy nou besig is nie.
  - Dit wil jou vertel van ‘n beter Naam om voor besig te wees as jou eie.
  - As sy dissipels met vrede in Jesus is ons gestuur om aan te gaan met
    - die natuur, kultuur, kuns, wetenskap, musiek en sport, vir God se naam,
    - omdat sy Naam jou oorweldig toe jy agterkom jou naam is eintlik niks.

Slot

- Jesus se dissipels is ook hiervoor gestuur na Vanderbijl!
- Mag God die eer ontvang vir hoe ons as sy dissipels met sy skepping werk.
- Mag mense om jou raaksien dat jy nie besig is vir jouself nie,
  - maar dat jy God se skepping geniet, vir God se eer.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
1 Nov 2015